higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

8 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 D
1.4 A
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 J
3.2 H
3.3 F
3.4 A
3.5 I
3.6 B
3.7 D
3.8 E
3.9 C
3.10 G

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 **Aantekening aan nasiener:**
Enige TWEE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe:

hou/stoor/in aanhouding hê/beheer/toesig oor die gebruik of verspreiding (2)

4.2 openbare pad (1)

4.3 **Aantekening aan nasiener:**
Enige TWEE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe:

produksie/vervaardiging/verspreiding/bevoorrading/oorskeping/
invoer/verbouing/insameling/administrasie/voorsiening/verkoop/uitvoer/voorskrif/oordrag (2)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **Aantekening aan nasiener:**
Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.

- Wanneer howe die reg toepas, moet hulle vorige uitsprake in soortgelyke sake oorweeg.
- Dit is nie verpligtend nie, maar word aanbeveel om konsekwentheid te verseker.
- Howe word deur hul eie uitsprake gebind.
- Laer howe word gebind deur die beslissings van hoër howe. (4)

5.2 **Aantekening aan nasiener:**
Ken TWEE punte toe vir die definisie van straf, en laat leerder se eie interpretasie toe.

Enige TWEE van die oogmerke van straf, met ’n verduideliking, kan gegee word.
Ken EEN punt toe vir die oogmerk en EEN punt vir die verduideliking (maksimum VIER punte), en laat leerder se eie interpretasie toe.

Definisie van straf:
Straf is ’n boete wat ’n hof aan ’n persoon oplê wat aan ’n misdaad skuldig bevind word.
Dit kan die vorm van gevangenisstraf, ’n boete of gemeenskapsdiens aanneem.

Oogmerke van straf:

- **Retribusie**
  Verduideliking: Om die onreg wat die oortreder aan samelewing gedoen het, reg te stel.

- **Voorkoming van misdaad**✓
  Verduideliking: Om te voorkom dat die oortreder verdere misdade in die toekoms pleeg (lewenslange gevangenisstraf/verbeuring).

- **Afskrikking** ✓
  Verduideliking: Om mense te ontmoedig om daardie misdaad in die toekoms te pleeg. (6)

- **Rehabilitasie**
  Verduideliking: Om oortreder te hervorm om weer ’n wetsgehoorsame burger te word.

5.3 **Aantekening aan nasiener:**
Enige DRIE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe:

- Alle oortreders moet die vereiste **opset** met betrekking tot dieselfde misdaad hê.
- Alle oortreders moet **saam optree** in assosiasie met mekaar.
- Al die oortreders moet **dieselfde oogmerk** hê.
- Al die oortreders moet **saam by die misdaadtoneel wees.**
- Alle oortreders moet **bewus wees** van die misdaad. (3)

5.4 Ja (1)
[14]

VRAAG 6

6.1 **Aantekening aan nasiener:**
Ken EEN punt toe vir elke vereiste, en laat leerder se eie interpretasie toe.

- Optrede moet deur ’n mens uitgevoer word.
- Optrede moet vrywillig wees./Persoon moet die optrede deur sy/haar eie wil of intellek beheer. (2)

6.2 **Aantekening aan nasiener:**
Ken EEN punt toe vir enige geskikte voorbeeld, en laat leerder se eie interpretasie toe.

- **Voorbeeld van ’n uitsondering op die reël 1:**
  X hits sy kwaai hond aan om Y dood te maak. Hoewel die doodmaakhandeling nie deur ’n mens uitgevoer is nie, sal X steeds aanspreeklik wees.
- **Voorbeeld van ’n uitsondering op die reël 2:**
  X gebruik sy volle krag om ’n mes in Y se hand te plaas en dwing sy (Y se) hand om Z in die bors te steek. Hoewel dit Y was wat Z gesteek het, was die handeling nie vrywillig nie. (2)

6.3 **Veroorsaking/Kousale verband** wys dat die gevolg/resultaat deur die handeling/optrede veroorsaak is. (2)

6.4 **Feitelike veroorsaking:**
- Hof toets deur te vra: Sou die gevolg/resultaat steeds plaasgevind het as die handeling/gedrag nie plaasgevind het nie?
- Indien ‘Ja’, is daar geen feitelike veroorsaking nie. Indien ‘Nee’, beteken dit dat die handeling/gedrag inderdaad die gevolg/resultaat veroorsaak het en dat feitelike veroorsaking teenwoordig is.

Wetlike veroorsaking:

- Dit moet redelik en billik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die gedrag/handeling tot die gevolg/resultaat gelei het.
- Die veroorsaking moet toereikend/voldoende wees.
- Daar moes nie enige nuwe intredende gebeurtenis gewees het nie/*novus actus interveniens*-reël. (5)

6.5 **Aantekening aan nasiener:**
Ken EEN punt toe vir die tipe opset, EEN punt vir die verduideliking en EEN punt vir ’n geskikte voorbeeld, en laat leerder se eie interpretasie toe.

Oogmerkopset
Die persoon verstaan die aard van die wederregtelike handeling asook die gevolge/resultate van daardie handeling en gaan nogtans daarmee voort.

Voorbeeld:
X wil vir Y doodmaak. Hy kry ’n mes en steek Y in die hart en maak hom dood. X weet dat die handeling onregmatig is, maar gaan nogtans voort.

Opset by sekerheidsbewussyn
Die persoon wil ’n handeling uitvoer, en weet dat daar ’n ander wederregtelike gevolg/resultaat gaan wees, maar gaan nogtans voort met die handeling.

Voorbeeld:
X wil ’n voël skiet wat voor sy buurman se venster sit. Hy weet dat die skoot ook die venster sal breek, maar hy gaan voort, skiet die voël en breek die venster.

Voorwaardelike opset/*Dolus eventualis* ✓
Die persoon wil ’n handeling uitvoer en weet dat die moontlikheid bestaan dat die handeling ’n wederregtelike gevolg/resultaat kan hê. Hy aanvaar die moontlikheid en gaan met die handeling voort. Die handeling het daarna die voorsiene wederregtelike gevolg/resultaat.

Voorbeeld:
X vuur ’n skoot met sy vuurwapen deur ’n geslote deur af om ’n indringer weg te jaag, wetende dat hy die persoon aan die ander kant kan beseer of doodmaak. Die ander persoon word gedood. (9)

[20]

VRAAG 7

Aantekening aan nasiener:
Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.

7.1 **Oortreders:** Peter en Siphiwe✓
Stawing:
Hulle het die misdaad gepleeg.
Peter en Siphiwe is mededaders en is in gelyke mate verantwoordelik aangesien hulle gemeenskaplike oogmerk gehad het. Hulle het tesame gehandel om die misdaad te pleeg. (3)

7.2 **Meedoener:** Xola ✓
Stawing:
Xola het aan die misdaad deelgeneem maar het nie gemeenskaplike oogmerk met Peter en Siphiwe gehad nie aangesien hy nie saam met hulle gehandel het om die misdaad te pleeg nie. (3)

7.3 **Medepligtige:** Godfrey
Stawing:
Godfrey het die daders gehelp om die misdaad te pleeg, maar voldoen nie aan al die elemente van die misdaad nie. ✓ (3)

7.4 **Begunstiger:** Costa✓
Stawing:
Costa het die daders gehelp nadat die misdaad gepleeg is met die bedoeling om te verhoed dat hulle gevang word. (3)
[12]

TOTAAL AFDELING B: 46

AFDELING C

VRAAG 8

Aantekening aan nasiener:
Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.

8.1 **Misdaad:** Aanstigting
Aanstigting vind plaas wanneer ’n persoon wederregtelik met ’n ander persoon kommunikeer met die opset om hom/haar te beïnvloed om ’n misdaad te pleeg. (4)

8.2
- Om wetstoepassing in staat te stel om misdaad betyds te voorkom voordat dit plaasvind.
- Om mense te ontmoedig om andere te beïnvloed om ’n misdaad te pleeg.
- Om groepmisdadigheid/kriminaliteit te voorkom. (3)

[7]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Aantekening aan nasiener:
Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.

9.1 **Misdaad:** Meineed (1)

9.2
- **Verklaring:**
  Stan het 'n werklike verklaring afgelê tydens sy getuienis in die hofsaak.
- **Vals verklaring:**
  Stan het nie die waarheid gepraat nie en was ten volle daarvan bewus dat hy gejok het om sy verhouding geheim te hou.
- **Onder eed:**
  Stan het die verklaring afgelê terwyl hy onder eed getuig het voor 'n bevoegde gesag (die landdros in hierdie geval).
- **Regsverrigtinge:**
  Stan het die verklaring afgelê tydens 'n regsproses terwyl hy in 'n geregshof verskyn het.
- **Wederregtelikheid:**
  Stan het die vals verklaring opsetlik afgelê, en daar was geen geldige gronde vir regverdiging nie. (10)

[11]

VRAAG 10

Aantekening aan nasiener:
Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.

10.1 **Moord:**
'n Persoon pleeg moord wanneer hulle **wederregtelik** en **opsetlik die dood** van 'n ander **mens veroorsaak** deur middel van 'n **positiewe handeling** of **'n late/versuim. Voorbeeld:** 'n Persoon steek 'n ander persoon met 'n mes.

Strafbare manslag:
'n Persoon pleeg strafbare manslag wanneer hulle **wederregtelik** en **nalatig** die **dood** van 'n ander **mens veroorsaak** deur middel van 'n **positiewe handeling** of **'n late/versuim. Voorbeeld:** 'n Persoon verloor beheer oor sy voertuig en veroorsaak sodoende 'n voetganger op die sypaadjie se dood. (8)

10.2
- Sou 'n redelike persoon in dieselfde omstandighede kon voorsien dat die dood uit die beskuldigde se optrede kon voortvloei?
- Indien 'Ja', sou die redelike persoon probeer het om te voorkom dat dit gebeur?
- Indien 'Ja', was die optrede van die beskuldigde anders as wat die redelike persoon sou gedoen het? (3)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 29
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou